Saterdag 13 Junie
Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39
Fokusgedeelte: Romeine 8:31-39

## Uit genade mag ons geloofsvertroue hê

Midde-in die storms van die lewe waarvoor ek so maklik bang en benoud kan word, kom die Heilige Gees en Hy oorrompel ons harte met die vaste sekerheid: GOD IS VIR MY! Op grond van God se groot genade mag ons vanoggend 'n vaste geloofsvertroue hê! Om hierdie vertroue deel van ons harte en lewens te maak, herinner die Heilige Gees ons aan twee groot waarhede:

- CHRISTUS HET JOU VERLOS, JY IS 'N VRYGESPREEKTE. Om alle twyfel uit ons harte te verdryf, verseker die Gees ons daarvan dat JESUS CHRISTUS IS VIR ONS! Hy is vir jou! Hoe weet ek dit? *"Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree"* (vs 34).
- NOU ... op hierdie oomblik tree ons Verlosser Jesus Christus vir ons in as ons Middelaar by die Vader. NOU ... op hierdie oomblik staan die Heilige Gees ons by met hemelse versugtinge sodat God sy doel met ons sal bereik. Hoeveel meer sekerheid het ons nog nodig? Met 'n hart vol dankbaarheid en met 'n vaste vertroue dat God alles wat Hy in die Skrif aan my belowe sal uitvoer, weet ons vir seker dat ons meer as oorwinnaars is.

Ongeag my omstandighede of wat in die wêreld om my gebeur, kan ek vir seker weet: GOD HET MY IN CHRISTUS LIEF EN HY IS BY MY. Die liefde wat daar tussen die Vader en sy kind is, is 'n Christusliefde! Die Bron van God se liefde is by die kruis. Dis 'n oseaan van volmaakte liefde wat nie gestuit kan word nie. God se liefde in Christus verdryf alle vrees, want in Hom is ek veilig in hierdie lewe, maar ook as ek nou sou sterf. Daarom mag ons nou geloofsvertroue hê!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*